

15 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 17:1-7
Fokusgedeelte: Eksodus 17:6(b)

Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop

Sedert die uittog uit Egipte murmureer die volk vir die vierde keer (vgl. Eks 14:11; 15:24; 16:2), maar hierdie keer met 'n baie lelike gesindheid! Eers maak hulle rusie met Moses. Dan verwyt hulle hom (Eks 17:2, 3), maar die Woord van die Here sê vir ons dat Moses 'n uiters sagmoedige man was, meer as enigiemand anders op die aarde (Num 12:3). Ons sien dit ook nou weer in sy optrede. Hy roep tot die Here – nie uitdagend, oneerbiedig soos die volk nie, maar kinderlik-eeerbiedig: “Wat moet ek met hierdie volk aanvang?”

Weereens is God genadig. Moses moet met sy kerie die rots slaan en dan sal daar water uitloop vir die volk om te drink. Om Moses in sy geloof te versterk, sê die Here dat Hy daar reg voor Moses op die rots by Horeb sal staan!

In 1 Korintiërs 10:4 word die rots waaruit die waters gestroom het, met Christus vergelyk. Watter pragtige beeld! Omdat ons Here Jesus vir ons sondes aan die kruishout geslaan is (soos die rots geslaan is), ontvang ons seën op seën uit die hand van ons Vader in die hemel. Hoe kan ons dan só dikwels nog in ondankbaarheid só murmureer?

Sing: Psalm 107:2, 4

Dr. CJ Malan (Emeritus)